NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI

SKRIFRIGLYNE

GROEIGROEPE EN HUISGELOOF

2024 Jaartema: WYER – Onbeskaamde bewegings

Ontdek | Ontsluit | Ontmoet. | Ontplooi

Jesaja 54
"Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, ₃want jy sal na alle kante toe uitbrei..."

Vanuit Esegiël 47 se reeks oor die waar die water vloei sal daar lewe wees, het die water ook dieper en wyer gevloei. In 2023 het ons Dieper gegaan (Dieper oorwinnende lewe) en vanjaar gaan ons **Wyer** met **Onbeskaamde bewegings** wat deel van ons lewe gaan word.
Ons gaan die 4 kwartale werk met temas van **Ontdek, Ontmoet, Ontsluit en Ontplooi**.
Soos water beweeg het dit invloed op die verandering in landskap. Die water self verander ook van rigting, spoed en diepte. So is verandering 'n onlosmaaklike deel van ons elkeen se lewe. Een ding wat egter nie verander nie is God en Sy liefde vir ons.

Ons gaan hierdie jaar kyk na hoe ons gaan beweeg om nog nader aan God te leef, Sy liefde te ervaar en draers daarvan te wees in 2024. Die reeks wil mense help om op 'n beter plek te kom as wat hulle tans is en ook ander daarmee te help.

Oorsig van die byeenkoms:

Welkom/Lief en Leed	Hoor hoe dit met mekaar gaan.
Waardig/Lofprysing en aanbidding	Tyd om God te loof en prys en Sy naam groot te maak
Woord – Wat sê die Skrif	Tyd om die woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. Vind as groep uit wat God vir julle sê. Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek.
Werke/Projekte – mens-tot-medemens fokus	Praktiese dissipelskap – reik uit na die wêreld in nood.
Voorbidding	Dra mekaar en andere op aan God

TEMA: God bou!

Skriflesing

2 Samuel 7:1-17

2 Samuel 7:1-7 vertel die verhaal van koning Dawid wat 'n plan maak om 'n huis vir die Here te bou.

GESELS MET MEKAAR

Hoekom dink julle wou Dawid ‘n huis vir God bou? Wat sal die rede wees?

Gesels saam oor die volgende woorde:
“Die begeerte van Dawid om vir die Here ´n tempel te bou is ´n mengsel is van opregte vroomheid en selfverheerliking.” - Walter Breuggemann

Dink jy God se Antwoord aan Natan is vreemd? Hoekom sou God die bouwerk afkeur?

Vertel vir mekaar of die Here al vir jou “NEE” gesê vir iets wat jy wou hê of gevra het? Hoe het dit jou laat voel?

TEMA: God bou!

Is God lojaal teenoor Dawid en Sy nageslag?

God bou anders, hoe ly Sy bouwerk?

KYK

Hierdie is ‘n boodskap van nederigheid en vertroue in God se planne: Hierdie gedeelte wys ons dat God se planne en beloftes wyd oorskry wat ons kan dink of beplan. Dit herinner ons ook aan die belangrikheid om nederig te wees en te vertrou op God se wyse leiding in ons lewens.

Hierdie verse beklemtoon die belangrikheid van nederigheid, vertroue in God se planne, en die besef dat God se beloftes en seëninge altyd groter en wyer is as ons eie beperkte idees en beplannings.

Wat is ‘n goeie definisie vir nederigheid en hoe kan ons die al meer uitleef?

Hoe kan ons mekaar help om al meer op die Here te vertrou?

TEMA: God bou!

Jeffreysbaai 40 Dae van onbeperkte liefde in Aug en Sept.

1. Begin solank dink waar julle die 7 byeenkomste van 40 dae gaan doen?
2. Kontak die kantoor en gee julle getalle vir die **boekies** se bestelling deur asb. asook die tyd & plek **van jul byeenkomste.**
3. Laat ook asseblief weet watter **stuursel** jul ondersteun. Baie dankie!

🙏 GEBED

Here ons God, dankie vir die seën wat U vir ons gee. Help my om aan te sluit by U bouplan vir my lewe en U koninkryk! Ons weet Here, die belangrikste vir elkeen van ons, is om soos Dawid voor die U te gaan sit en vol van U te word, Here kom en bou in…

Amen

TEMA: God bou!

Notas